# Lesing 01.02.2018 - Die geheim van menswees

DIE KENNIS VAN DIE AARDSE LEWENSDOEL EN DIE OORSAAK DAARVAN

***Bea. Dudde. No 8020 - 16 Oktober 1961***

Julle moet veral weet dat julle bestaan as mens op aarde `n oorsaak en `n doel het. JULLE is nie toevallig deur die Skepper in die wêreld geplaas nie; maar geestelike gebeurtenisse is die oorsaak van julle bestaan. Dit was voorvalle, wat homself afgespeel het in die geestelike Ryk, `n geweldige lang tyd gelede. `n Verandering het homself voltrek in die ryk by die wesens wat deur My liefdeswil uit My voortgebring was. Die wetlike orde, waarin alles homself moes beweeg wat volmaak was, was omvêrgewerp, en toe verander die volmaak voortgebringde wesens tot die teendeel. -

Hulle het deur hulle vrye wil uit die wetlike orde getree en het onvolkome geword. Die wil van hierdie wesens het in verset gekom teen die bestaande orde en in opstand teen Myself, hulle God en Skepper, wat hulle wel erken het, omdat hulle in die lig van die insig gestaan het. En hierdie voorval in die geestelike Ryk is die oorsaak van julle bestaan as mens op hierdie aarde, want jy is een van hierdie geeste wat jouself in jou vrye wil eens van My afgewend het.

Julle is hierdie wesens wat eens in hoogste volmaaktheid deur My voortgebring is en julleself uit vrye wil tot die teendeel gekeer het. Julle is hierdie gevalle geeste. Maar tussen julle verval van My en julle bestaan as mens, lê ewighede, eindelose lang tye waarin die gevalle wese `n veranderingsproses moes deurmaak en waarin hy ook onbeskryflike lyding en kwellinge moes deurmaak, waartydens hy homself langsaam uit die diepte omhoog moes ontwikkel, steeds onder My leiding, want niks bly vir ewig van My geskei, wat uit My voortgekom het nie.

En so het jy eenmaal die fase van ontwikkeling bereik waarin jy as mens oor die aarde gaan, om die laaste kort weg terug af te lê vanwaar jy uitgegaan het, om in vrye wil die terugkeer te bewerkstellig tot jou God en Vader, van wie jy jouself eens verwyder het deur `n verkeerde gerigte wil.

Wanneer jy jou menswees beskou, sal jy leer begryp hoe belangrik dit vir jou is; jy sal dan die aardse bestaan nie as doel self - maar as `n middel tot die doel insien, en jy sal dan ook meer bewustelik gaan lewe. Maar dit is moeilik om jou te beweeg om te glo dat jy geen "gril" is van jou God en Skepper nie, want daar is geen bewys vir dit wat Ek jou verkondig nie. Jy moet hier ernstig daaroor nadink dat jy self en alles wat jou omgewe “wonderwerke" is, wat nie maar willekeurig kon ontstaan het nie. En dan sal jy deur ernstige nadenke ook `n God en Skepper kan erken en daarvan oortuig wees dat niks doelloos is nie, en dat jou aardse bestaan ook `n doel het. En jy moet jouself nou probeer verbind met hierdie Skeppingsmag, wat deur jou erken word, wat altyd moontlik is deur goeie gedagtes, gebede uit die hart en dade van liefde. En in verbinding met My sal daar spoedig `n lig in jou straal en dit sal jou spoedig `n glans van insig gee en verlig sodat jy dit eendag in volle mate sal besit.

En die lig in jou sal steeds helderder straal hoe inniger jy die verbinding soek met My, en jy sal dan ook jou aardse lewensdoel vervul. Jy sal dan die verandering voltooi in vrye wil, die hervorming van jou wese tot die volmaaktheid wat jou toestand was in die begin.

Jy sal die "liefdesvonkie in jouself” ontsteek en tot `n vurige vlam laat ontbrand, wat beteken om weer in die wetlike orde getree te wees waarin die volmaakte homself moet beweeg. En jy sal `n ontwikkelingsproses kan afsluit wat ewighede geduur het. Met die gevolg, om weer My oerwese aangeneem te hê en jouself weer tot liefde gevorm te hê, dit wil sê, weer die Goddelike volmaakte wese te wees wat jy was in die begin.

Want dit is die doel van jou aardse bestaan, wat jou tot `n bewustelike lewe moet aanspoor, sodat die laaste stadium van `n eindelose lang weg van ontwikkeling vir jou wese suksesvol is en dit, heeltemal vergeestelik, in alle volmaaktheid van hierdie aarde kan skei om te kan ingaan in die Ryk van lig en saligheid, waarvan jy eens uitgegaan het. AMEIN